

# Pasop vir ou munisipale skuld

## Linette Retief

**D**it is nie wettig of grondwettig nie, maar weens 'n waninterpretasie van art. 118(3) van die Wet op Munisipale Stelsels, en 'n skuldlas van R128,3 miljard, maak 'n aantal munisipaliteite sedert 2013 historiese munisipale skuld nuwe eiendomseienaars se probleem, met katastrofiese gevolge.

Die skuld kan boonop na munisipaliteite se goeie dunde tot 30 jaar terug hersien word. En as die nuwe eienaar nie kan betaal nie, is die munisipaliteit by magte om 'n hofbevel te bekom, die eiendom op 'n veiling te verkoop en die opbrengste te gebruik om die historiese skuld te betaal.

Peter Livanos, besturende direkteur van New Ventures Capital en stigter en voorsitter van die maatskappy Municipal Debt Specialist, het self al meer as R7 miljoen verloor as gevolg van hierdie onregverdige en brutale stelsel.

Juis daarom het hy besluit om tot die stryd toe te tree – nie net om sy eie onthalwe nie, maar namens duisende mense wat onder dieselfde probleem gebuk gaan.

Hy het begin deur 'n studie te doen van die munisipale insamelingstelsels om uit te vind wat die onderliggende probleem is wat tot die skuldlas gelei het.



**Peter Livanos, besturende direkteur van New Ventures Capital en Municipal Debt Specialist.**

Hy het ook onder die vaandel van New Ventures Capital namens 13 partye 'n saak teen die

metro's Tshwane en Ekurhuleni en die minister van samewerkende regering en tradisionele

## Municipal Debt Specialist het tot op datum reeds R11 miljoen vir sy kliënte teruggekry.

aangeleenthede aanhangig gemaak.

In 2016 het die hooggeregshof in Pretoria bevind dat dit onkonstitusioneel is om nuwe kopers en eienaars vir vorige eienaars of huurders se skuld aanspreeklik te hou.

Livanos en die medeklaers se vreugde was egter van korte duur.

Kort daarna het die ANC en die DA teen die besluit geappel en die saak is in Mei vanjaar deur die konstitusionele hof aangehoor.

Met die konstitusionele hof-verhoor het die Bankvereniging van Suid-Afrika, wat 32 plaaslike en internasionale banke verteenwoordig, as vriend van die hof aan New Ventures Capital se kant tot die stryd toegetree.

Die rede, verduidelik Livanos, is dat die banke kommerwekkende gevaartekens raakgesien het.

“As verskaffers van verbandfinansiering het hulle besef dat kopers op lang termyn kan wegskram van die idee om enigsins

eiendom te koop of tot die eiendomsmark toe te tree met so 'n swaard van Damokles wat oor hul koppe hang,” sê hy.

“Want dit kan natuurlik 'n enorme domino-effek op die eiendomsmark én die ekonomie hê.”

Terwyl munisipaliteite steeds vasskop met hul foutiewe interpretasie van die wet en al die belanghebbendes wag vir die finale uitspraak van die konstitusionele hof, het Municipal Debt Specialist tot op datum reeds R11 miljoen vir sy kliënte teruggekry.

Dit is goeie nuus vir lesers wat met hul hande in die hare sit weens soortgelyke probleme.

Nog goeie nuus is dat Livanos voortaan weekliks vir ons insig en terugvoering sal gee oor vordering op die munisipale-skuldfront, asook wenke oor hoe om die dilemma te hanteer.

Intussen moedig hy lesers aan om Municipal Debt Specialist te kontak en/of sy webwerf te besoek om meer uit te vind en/of 'n klag aanhangig te maak.

Hier is die kontakbesonderhede:

■ Telefoon: 011 453 2365

■ Faks: 011 453 1005

■ E-pos: peter@livanosgroup.co.za

■ Webwerf: www.municipal-debt.co.za

■ Hou hierdie ruimte dop – van volgende week af is Peter Livanos en Municipal Debt Specialist aan boord!